# Wennerwoorde 7 van 2025

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Elke prestasie begin met 'n besluit om te probeer.

*"Believe you can and you're halfway there".*

## RUGBY




- Ons Rugby spanne het aan die 7's toernooi deelgeneem by Laerskool Trichardt:

  0/11 span wen die toernooi
  0/13 span eindig 2de
  Welgedaan aan elke speler!

- Baie geluk aan die volgende spanne wat Donderdag, 6 Maart teen Laerskool Ermelo gespeel het:

| | | |
|---|---|---|
| 0/9 | wen | 26 – 0 |
| 0/10 | wen | 28 – 10 |
| 0/11 | wen | 21 – 7 |
| Tweedes | wen | 12 – 10 |
| Eerstes | wen | 35 – 0 |

Baie geluk aan ons Rugbysterre!

- Op Saterdag, 8 Maart neem die 0/9 – 0/11 spanne by Laerskool Klipfontein in Witbank deel.

Sterkte ook aan julle.

## NETBAL

Die o11-13A spanne het verlede Vrydag aan 'n Fast 5 dag deelgeneem by Laerskool Trichardt.

O/11 A eindig 2de

O/12 A eindig 2de

Eerste span eindig 2de

Baie geluk dogters !!



## Vakansiedae in Kwartaal 1

| | | |
|---|---|---|
| Vrydag | 21 Maart | Menseregtedag |

Die skool sal op Donderdag, 20 Maart 2025 om 12:00 sluit vir die langnaweek.

## ATLETIEK

Sterkte aan ons atlete wat môre te Secunda Stadion deelneem aan MUSSA's!

Gaan ondersteun hulle asseblief! Ons is ongelooflik trots op elke atleet wat gaan deelneem.

Gee alles, geniet dit en onthou – julle het met jul verkiesing reeds ons skool se naam hoog gehou en is al klaar vir ons WENNERS!



## DANS

Baie sterkte aan al ons dansers wat die 8ste Maart aan die Hoëveld Danskompetisie by Laerskool Kruinpark gaan deelneem. Ons weet dit gaan goed gaan.
Dans julle harte uit!



## Dankbare Harte!

Ons is baie dankbaar vir elke liewe mamma wat 'n sagte hart en oop hand het!

Ons waardeer elke kospakkie wat gepak word vir 'n maatjie wat dit nodig het.

Dankie vir die groot verskil wat elkeen maak !




**Nasorgsentrum sal gesluit wees vir die Vakansiedag 21 Maart 2025**

## Woensdag Chat-Klub!

Baie dankie aan Dr Anne Baker wat op Woensdag 5 Maart met ons Graad 7's gesels het.

Die leerders het met vrymoedigheid hulle vrae gevra en is nou verseker baie meer op hul gemak oor hulle gesondheid en ontwikkeling.

Ons waardeer u tyd!


## SWEM

Ons swemmers het op 1 Maart in Nelspruit aan 'n klubgala deelgeneem.

Ons swemmers het besonders goed gevaar met baie podiumplekke.

Welgedaan meisies en seuns!






# KENNISGEWING AAN ALLE OUERS

**Die VEILIGHEID van ons leerders is vir ons PRIORITEIT !**

**Ons versoek dat alle ouers of persone wat leerders oplaai om:**

- **op GEEN ROOI LYNE voor ons skool stop nie.**
- **enige bewegings of stilhou buite hierdie gemerkte gebied doen.**
- **teen alle tye onder die limite van 30km per uur hou.**
- **indien enige reëls of verkeers instruksies gebreek word, sal daar verdere stappe geneem word om die veiligheid van ons kinders te verseker.**
- **die instruksies van personeel en skolierpatrolielede te gehoorsaam.**

**Dankie vir u samewerking en begrip**





**Social Emotional Intelligence: Understanding Your 5-6-Year-Old Boy Through Jungian Sandplay Therapy**

https://rinalouwclinical.co.za/social-emotional-intelligence-for-kids/




Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF